**PARKSIG**
**EIENDOMSAGENTSKAP**
★ HUISE
★ PLASE
★ PLOTTE
★ BESIGHEDE
★ STANDPLASE
*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 ——— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

**CLAASSEN & GROBLER**
**(EDMS.) BPK.**
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ *MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS*

JAARGANG XIX — MAANDAG 23 MAART 1964 — NR. 3
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# Massavergadering Sonder Veel Hoogtepunte

**DIE EERSTE Massavergadering van 1964 het verloop sonder die kenmerkende pittigheid en belangstelling aan die kant van die studente.**

**Die saak wat die meeste aandag geniet het, was die toekenning van ere-tekens aan mnre. K. Bosman en H. van Zyl vir besondere diens gelewer aan die studentegemeenskap. Albei hierdie persone het in kort toesprake verwys na die belangrike rol wat sport in die lewe van die student behoort te speel.**

Mnr. Bosman het veral die rol wat die toeskouer in die sportwêreld behoort te speel, beklemtoon. Hy doen veral 'n beroep op die dames om meer belangstelling op die gebied te toon.

Mnr. van Zyl gaan van die standpunt uit dat die prestasies op sportgebied met die „aanwas" van die studente tred behoort te hou. Hy sien die oplossing daarin dat elke student 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor sport as opbouingselement moet aankweek.

Deur die verkiesing van mnr. G. Scholtemeyer is die vakature van penningmeester van die Studenteraad gevul.

Hierna is die beoogde Jaarprogram van die Studenteraad aan die massa voorgelê vir kennisname. Ook die begroting, soos uiteengesit deur die Voorsitter self, is voorgelees en met dank goedgekeur.

Die mosie van mnr. D. Roode aangaande die verkiesing van Studenteraadslede, ingedien op 'n Massavergadering van 1963, is na ondersoek aan die vergadering voorgelê en na bespreking goedgekeur en aanvaar.

Onder die agendapunt Algemeen, het enkele sakies die aandag geniet. Die aankondiging van die Studenteraad dat die slaag van een akademiese jaar 'n verdere vereiste vir die verkryging van die P.U. kleurbaadjie is, het 'n gunstige applous uitgelok.

Bespreking is ook gevoer oor die kleredrag van mansstudente gedurende die warm somerdae. Daar is besluit om die owerhede te versoek om baadjies nie 'n vereiste drag te maak nie.

Die vergadering is afgesluit met die sing van die Alma Mater, nadat melding gemaak is van die P.U. se dertien - jarige onafhanklikheidsherdenking.

# ERE-TOEKENNINGS OP MASSAVERGADERING

**DIE Studenteraad van 1962/63 het aan die einde van sy dienstermyn besluit om 'n eretoekenning in die lewe te roep wat aan persone toegeken word wat besondere verdienstelike werk gelewer het op die besture van sportklubs of kultuurliggame.**

Die eer het mnre. J. H. (Hans) van Zyl en J. S. K. (Koos) Bosman te beurt geval om die eerste twee toekennings van hierdie aard te ontvang. Op die eerste massavergadering van vanjaar wat op 17 Maart plaasgevind het is die erkenningstekens deur die Voorsitter van die Studenteraad amptelik aan die twee here oorhandig.



Aan Hans is daarmee erkenning verleen vir sy jarelange voortreflike dienste wat hy op baie gebiede van die studentelewe gelewer het, maar veral op sport- en kultuurgebied. Dit is algemeen bekend dat hy reeds die afgelope vyf jaar „Intervarsityleier" is, beurtelings as hoof- en onderdirigent. Nooit het hy op hierdie terrein sy meerdere teëgekom nie, al was hy in 1961 'n gevangene op U.O.V.S. en al moes hy in 1962 voor die mikrofoon verskyn binne twee uur nadat hy harsingskudding op die rugbyveld opgedoen het. Al het sy span in al die jare nie veel welslae gehad nie, het Hans altyd geweier om te gaan lê en het hy op sy pawiljoen sy ondersteuners se harte warm laat klop wanneer hy sy opponente se swakhede op rake wyse blootgelê het. Een en almal wat in 1961 die Intervarsity op die Park bygewoon het sal nooit vergeet hoe die Vaal seun van Palala tot die aanval oorgegaan het nadat hy uit die sak geskud is nie! (Ons hoop almal dat Hans vanjaar weer voor die Pukke sal optree.)

Hans was egter nie net as dirigent op kultuurgebied bedrywig nie. Daar is nouliks 'n kultuurkomitee waarop hy nie gedien het nie. Hy het op drie van die vier hoofliggame gedien, 'n hand gehad in al die publikasies van die Studenteraad (o.a. Onderhoofredakteur van „Die Besembos", Konvenor by die uitgee van 'n nuwe sangbundeltjie). Sy aandeel in die Studenteraad self .. as Penningmeester en deeltydse organiseerder — val nie hier bespreek te word nie. Hy is 'n seremonie-meester by uitnemendheid en bring 'n massa baie gou in 'n gemoedelike stemming.

Hans is 'n groot sportentoesias. Rugby bly sy eintlike liefde. Hy het vir elke rugbyspan op die Puk reeds diens gedoen .. vir almal, behalwe die eerste span, as Kaptein. Ses jaar lank dien hy op die Rugbybestuur; 'n vierde termyn as Sekretaris wat 'n baie veeleisende amp is. Hans lewe vir die dag wanneer die Rugbyklub weer al die bekers van Wes-Transvaal gaan inpalm soos in 1959 en 1960. Hy is op die oomblik besig om gegewens te versamel vir 'n boek oor die rugbygeskiedenis van die Universiteit. Die manne wat die afgelope twee jaar saam met hom getoer het, bestempel hom as die ideale reisvader.

Die hoogtepunte in sy studentelewe is die Intervarsityoorwinning in 1961, die reuse-

**(Vervolg op bladsy 2)**



# Die Rasper In Aula

Die koshuisblad van Dawie Dup-Suid, „Die Rasper", word blykbaar op meer plekke as net die Puk gelees. Op Vrydagaand 13 Maart is 'n „gedig" wat 'n tydjie gelede in die blad verskyn het, „Die Ballade van die Bloeddorstige Ouheer", in die Aula in Pretoria deur Taaibos, 'n plaaslike manskoshuis, voorgedra. Die geleentheid was die jaarlikse Eerstejaarskonsert van U.P.

Na afloop van die verrigtinge is die beker vir die grappigste item van die aand dan ook aan Taaibos oorhandig.

# Calvyn -- Begenadigde Mens

**„NIEMAND wat nog nie die Institusie van Calvyn gelees het, het waarlik 'n insig in die gees en die mens Calvyn nie", het ds. V. E. D'Assonville op 'n programvergadering van Korps gesê. So nou was leer en lewe by Calvyn verbonde.**

Maar die spreker het reeds aan die being gewaarsku dat die tema „Calvyn as mens" maklik tot 'n idealisering van die mens Calvyn kan lei. Calvyn was ook 'n sondige mens.

In 'n kort lewensketes is die vernaamste feite en momente in die hervormer se lewe belig om die gehoor as't ware terug te voer na die tyd van die Hervorming. Klein en groot sake het Calvyn se karakter help vorm: die vuur van die Picardiërs was ook in sy bloed; sy vroegste ondervindinge met die Roomse Kerk; sy onderwysers, van wie Cordier spesiale vermelding verdien; sy vriende.

As student het hy 'n ontsettende werkkrag gehad — selfs sy etes het daaronder gely.

Na sy bekering werp hy hom op die studie van die Bybel en skryf in die loop van sy kort lewe kommentare op feitlik al die boeke van die Bybel. 'n Verdere illustrasie van sy werkkrag vind ons in sy preke en korrespondensie.

Met sy vrou, Idelette, het hy 'n paar gelukkige jare deurgebring.

Tog was Calvyn ook 'n swakke en sondige mens. Die geval Servet toon dit duidelik.

Dit gaan dus nie om die mens Calvyn nie, maar om die beginsels wat hy so helder geformuleer en toegepas het. Sy lewe en werk roep tot rieggaan studie en besinning. Die Calvinisme kan alleen baat by 'n grondige studie van Calvyn .. as begenadigde.

Hierin lê ook vir Korps 'n taak.

**GRADEDAG**

*ONTHOU . . .*
DAAR IS NET ENKELE DAE TUSSEN
DIE KORT VAKANSIE EN SATERDAG!

**BESPREEK VROEGTYDIG!**
NATUURLIK BY
**FOTOKUNS**
Tomstraat 82 — Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM

# ERE-TOEKENNINGS

(Vervolg van bladsy 1)

oorwinnings oor Pote in 1959 en die A.S.B.-kongres in 1960 waar hy as P.U.-hoofspreker opgetree het.

Waar Hans in diens van die Universiteit is, hoop ons om nog baie lank van sy bekwame hulp gebruik te maak. Ons beste wense vir sy volgende groot projek — die Rugbydag op 13 Maart.

Mnr. J. S. K. Bosman („Oom Koos"), soos algemeen bekend by ons studente, het reeds as student aan die P.U. vir C.H.O. hom beywer vir die vooruitgang van sport. Benewens stigter en kaptein van die Bofbalklub, het hy die atletiekspan gedurende al sy studiejare op die Dalrymple verteenwoordig, en was daarby ook voorsitter van die P.U.-Atletiekklub. Hy het Wes-Transvaal in albei sportsoorte verteenwoordig en het sy Universiteits - ere - kleure daarin ontvang.

Na voltooiing van sy studies het mnr. Bosman aan die Lydenburgse Hoërskool 'n aantal jare onderwys gegee, daarna aan die Heidelbergse Onderwyskollege doseer, vanwaar hy in 1958 na sy Alma Mater teruggekeer het met 'n aanstelling as lektor in die Departement van Liggaamlike Opvoeding.

Onmiddellik na sy terugkeer, het hy sy kragte tot beskikking gestel vir die twee sportsoorte waarin hyself vroeër gepresteer het. Weens die feit dat albei someraktiwiteite is moes hy noodwendig een laat vaar, veral toe hy ook as Sekretaris van die Wes-Transvaalse Atletiekunie verkies is, 'n gewigtige verantwoordelikheid wat hy 'n paar jaar gedra het.

Vanselfsprekenderwys het hy sy dienste toe uitsluitlik vir die Puk-atlete beskikbaar gestel. Nie alleen was hy behulpsaam met die afrigting van die atlete nie, maar het ook op organisatoriese gebied veel verrig.

Die onbaatsugtige diens wat mnr. Bosman vir die Atletiekklub gelewer het, het dan ook veel bygedra tot die vooruitgang van hierdie sportsoort aan die Universiteit. Sy belangstelling in die atletiek van Pukkie-land is so groot dat hy hom van provinsiale verantwoordelikhede onttrek het om al sy aandag aan die afrigting en welsyn van ons eie atlete te skenk. Die suksesvolle verloop van die afgelope atletiektoer is 'n sprekende bewys hiervan.

Ons beste wense vergesel u met die afrigting van die atlete vir die Dairymple.

## Interkoshuis-skaak

Die pas afgelope kompetisie was baie interessant en wel in die opsig dat drie van die spanne na afloop van drie rondtes kop aan kop was.

Met die spel van die vierde rondte was dit net Uitspan en Dawie Dup wat van die drie spanne oorgebly het.

In die finale rondte het die twee spanne dus teenmekaar te staan gekom. Hier het Uitspan weer sy baasskap getoon deur die beslissende rondte te wen.

Die finale uitslag is dan ook soos volg:

| | |
|---|---|
| Uitspan | 25 |
| Dawie Dup | 24 |
| Heimat | 18 |
| Dames | 17 |
| Dorp | 16 |
| Over de Voor | 16 |

Al die deelnemers word hartlik bedank vir hulle samewerking en die lekker gees waarin die spelle gespeel is.

## Jaarlikse Saamtrek vind Plaas

Die jaarlikse saamtrek van die P.U.-volkspelelaer het Saterdagaand in die Totius-Gedenksaal plaasgevind. Hoewel daar meer neefs en niggies kon gewees het, het die spelers die aand baie geniet.

Die erelede van die volkspelelaer wat die saamtrek bygewoon het, was prof. S. P. van der Walt (ere-president) en mev. Van der Walt, neef Danie Grové en neef Bertus en niggie Ina van Rooyen.

Met behulp van die décor van Alabama is die verhoog pragtig versier en was die atmosfeer in die regte gees vir volkspele.

## Studentevaria-Vasvra

Die Puk se span het op Maandagaand, 16 Maart 1964, in die inter-universitêre vasvra teen die Normaal Kollege van Pretoria te staan gekom.

Die Puk se span het bestaan uit mnre:
Francois de Villiers,
Chris Putter,
Pieter Coertzen;
terwyl die span van Pretoria bestaan het uit mnre:
De Beer,
Van den Berg, en
mej. Badenhorst.

Nadat die Pukke aanvanklik noustrop getrek het en op een stadium met $1\frac{1}{2}$ punte teen $4\frac{1}{2}$ agter was, het hulle reggeruk en as oorwinnaars uit die vasvra getree met 'n puntestand van $14\frac{1}{2}$ teenoor $10\frac{1}{2}$.

Die Pukke kom nou in die halfeindrondte te staan teen die wenner van Tukkies versus Wellington. Ons sal die wenner van hierdie vasvra na alle waarskynlikheid ontmoet op Maandagaand 4 Mei 1964.

## Volkspelers Na Wildtuin

Gedurende die April-vakansie vind daar in die Krugerwildtuin 'n Lenteskool plaas waar ook onder andere 'n Volkspelekursus aangebied word. Agt Pukke, waaronder die meeste bestuurslede is, sal die kursus wat by Skukuza plaasvind, bywoon.

Behalwe vir die Volkspelekursus word daar verskeie ander interessante lesings aangebied, naamlik lesings oor godsdienstige onderwerpe, Afrikaanse letterkunde, die plante en diere van die wildtuin, kunswaardering en musiekwaardering.

Aangesien die lesings slegs die voormiddag in beslag neem, kan die middae gebruik word om die wild en die natuur te besigtig. Die aande word aan volksang en volkspele gewy met mev. Marie Vosloo as kursusleidster.

Die Pukke vertrek op 30 Maart en keer weer op 7 April terug. Alles dui daarop dat dit 'n baie aangename en interessante toer gaan wees.

## Over De Voor Bedrywig In Laaste Tyd

Die burgers van Over de Voor het voor verlede week op uitnodiging van die dames 'n genoeglike aand by die Oude Molen gehad. Die bande van vriendskap wat op die betrokke aand gesmee is, beloof om stewig en steeds heftig te bly. Jurgen, die student van Pruise, het die gaste op sagte en strelende musiek heengevoer na verafgeleë dele. Vader Gerhard Schutte het met 'n diep dog skrikwekkende stemmetjie die afskeidswoord gevoer.

Soos 'n klomp wafferse ridders, het die manne van die provinsies Hongerhoogte, Ottertonnel, asook uit laer dele van die Republiek van Over de Voor, opgeruk na Kulu. Die doel en strewe van die konglomeraat was die aanknoop van hegter bande; ongelukkig het dit gelei tot onderlinge verdeeldheid tussen Thaba Jäh en Kulu. Gepaste woorde is gevoer deur die President van Die Republiek, die Otter J. Bradley. Die Eerste Minister het hom aan die massa voorgestel. Die seremonie het gepaard gegaan met 'n vlaghysing voor die koshuis.

Verlede Vrydagaand het die dames van Thaba Jäh rustig verkeer te midde van 'n feestelike klompie jong rammetjies en heelwat vrugbare gedagtes is die aand gewissel. Ongelukkig moes die dames saggies en vinnig uiteen gaan nadat hulle slegte nuus verneem het i.v.m. hulle tuiste se veiligheid. Nogtans was die aandjie baie aangenaam.

## Verskeidenheidskonsert

**DIE Vreugdedagkomitee het gesorg vir genoeglike ontspanning met die aanbieding van 'n verskeidenheidskonsert op Maandagaand, 16 Maart.**

Thalia se Eerstejaar toneelstuk het die nodige humor verskaf en ook genoegsame talent. Die twee vryers, Bossie Bosman en Pieter van der Walt het oortuigend gespeel asook Annemarie van der Schyff wat selfs ietwat beter as die „twee vryers" was. Ook Izak du Plessis moet gelukgewens word met sy spel as oom Gawerjal. As geheel het die stuk bevredig en was dit goed as negatiewe omstandighede in aanmerking geneem word.

Die eenbedryf het die gehoor gemoedelik en spontaan gestem en mnr. Hans van Zyl se baie rasend snaakse grappies het die vrolike stemming verder verhoog.

Die Alabama-trio — mnre. Johan van Rensburg (klavier) Nic Enslin (Kitaar) en Solly Strydom (drom) het groot byval gevind en hulle was genoodsaak om verskeie toegifte te speel. 'n Treffer hier was die verwerking van Yellow Bird.

Die „besielde" uitvoering van die Beatles was baie amusant. Die sukses van die item kan in 'n groot mate aan die deeglike voorbereiding daarvan toegeskryf word.

Die hoogtepunt van die aand was die vertolking van Duitse trefferliedjies gesing deur Jürgen Goebel. Die ongekunstelde maar deurvoelde vertolking was treffend tesame met die aangename verhoogpersoonlikheid van die Duitser. Die samesang deur die gehoor by die koor van „Blow, Boys blow" het die spontane atmosfeer van die konsert weerspieël.

Dit is jammer dat weens die keuse van te swaar klassieke werke aan 'n paar items nie reg kon geskied nie. So was die atmosfeer bepaald nie geskik vir 'n dramatiese gedig soos „Die Kranksinnige" nie.

Die Vreugdedagkomitee verdien lof en gelukwense vir hierdie uiters geslaagde aand.



**Mnr. Anton Roodt het bedank as lid van die A.S.B. hoofbestuur.**

## Operaseisoen Vanjaar

Die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK) bied in hierdie jaar twee van die mees gewilde operas aan, naamlik „Lucia di Lammermoor" en „Faust".

Eersgenoemde word in Italiaans opgevoer met Mimi Coertze in die hoofrol, terwyl Hanlie van Niekerk in laasgenoemde opvoering die hoofrol sal vertolk in Afrikaans.

Volgens mnr. Ulrich Stark bied TRUK vanjaar tien opvoerings aan waarvan vyf in Afrikaans en vyf in Engels sal wees. Een van die eerste opvoerings is reeds op 29 Februarie in die Potchefstroomse stadsaal gehou waar „Die Dubbelbed" van Mikro opgevoer is.

TRUK beoog ook om vertaalde werke van Shakespeare aan toneelliefhebbers bekend te stel. „The Twelth Night", vertaal deur Uys Krige, sal onder andere opgevoer word.

Voorts bied TRUK nog uitvoerings in musiek en ballet aan. Dit is ook die organisasie se unieke voorneme om teen die einde van elke jaar 'n orkes saam te stel uit vyftig internasionaal bekende lede.

TRUK staan onder voorsitterskap van sy edele mnr. F. H. Odendaal, Administrateur van Transvaal.

## Pukkie-verkope

Verlede Donderdagaand is die Pukkies van 1964 in Johannesburg by die drukkers gaan haal . . . ses ton van hulle! Dadelik is een aan Fanus Rautenbach gegee wat die afgelope paar môres die Pukkie se grappe oor die eter versend het. Dit het natuurlik die verkope baie gestimuleer.

Oor die algemeen is baie gunstige kritiek op vanjaar se Pukkie uitgespreek. Veral die voorblad is baie treffend gevind.

Soos in die verlede is daar weer 'n wye verspreidings program op tou gesit. Busse vol Pukke is na dorpe en stede in 'n straal van ongeveer twee honderd myl gestuur om die Pukkie te verkoop. Reeds drie uur die môre het die eerste trein vertrek. Die hele Vrydagnag is vrolike musiek by die kafeteria gespeel waar die vertrekkendes ook koffie en beskuit kon geniet.

Met die verkope het dit skitterend gegaan en het elke persoon sy vyftig Pukkies verkoop. Saterdagaand het die geld begin inrol.

Wat egter betreurenswaardig is, is die feit dat so min ou - here Pukkies gaan verkoop het. Daar was nog so hier en daar van ons ou-dames te bespeur, maar die ou bokke was bitter min.

Origens, Pukke, kan net gesê word dat die Pukkie van 1964 soos soetkoek verkoop het.

## Dawie Dup-noord Bou 'n Visdam

'n Visdam ter herdenking van die afskeiding van Dawie Doep in Dawie Doep-noord en Dawie Doep-suid, is Vrydagnag, 13 Maart, deur die manne van Dawie Doep-noord gebou. Elke inwoner het 'n steen gelê. Die visdam is in die vorm van 'n halfmaan en is aan die noordekant van Dawie Doep-noord gebou.


*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*

*Besoek*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

Tel. Nrs. 12 en 2582

Kerkstraat 122 Posbus 171

## Heimat-serenade

Heimat het ook hulle deel bygedra om die week voor Vreugdedag 'n ware vreugdeweek te laat word deur 'n goed gekose serenade op Maandagnag, 16 Maart.

Hoewel dit 'n klein groepie amateurs is, het hulle 'n baie genotvolle serenade aangebied en kon hulle selfs spog met 'n solostuk.

Blykbaar het Klawerhof nie te geneë gevoel vir die serenade nie en het hulle, nadat mnr. Josua Welding 'n stort water van bo gekry het, die groep gevra om liewer later te kom. Sulke handelinge wek nie die welwillendheid nie en op daardie stadium het Heimat ietwat bekaf gevoel. Heelwaarskynlik was dit ook net twee lede van die dameskoshuis wat die boodskap uit eie inisiatief oorgedra het.

# Warm UIT DIE OOND



**Vive la Vreugdeweek! En so werk hierdie non-Akademiese kwartaal op tot sy klimaks — Saterdag, 21 Maart. Akademiese boikotte en „glorified" Stakings (Massas) is knaend aan die orde van die dag en die professorale teenvoeters soos „Roll-call" en toetsdreigimente het kragteloos geword.**

Ja-Nee, die Campusoond staan op 1,000°C.—Rooiwarm. En almal doen mee aan die kapperjolle. Selfs „Oosterhof" is genooi vir intertee by die kompleks en het die uitbreek terdeë geniet. „Ons Huis" vestig al 'n jaar lank dames en die gebeurtenis is oorspronklik en ekonomies gevier.

Hier beleef die Puk seker sy besigste tyd in jare. Probleemkinders (Eerstejaars) en gewoontemisdadigers (nie-Eerstejaars) gaan te kere en te keuse dat dit 'n naarheid is. Soos in vervloë eeue word hier gesleep en gekys (MacMillan sou sê dis die winde van onveranderlikheid wat hier waai) op 'n gesonde skaal en ongesonde basis (nat gras, weens min spykerbankies).

Gelukkig moet ek sê dat die balans darem bewaar word. Ek bedoel sommige kyse breek en sneuwel en skep geleentheid vir nuwe ervaring en ou probleme.

Dan verneem ons dat sommige mense so versigtig is in die sleepaksies soos Juffrou N.U. Dis wat deur 'n doringdraad kruip (soms is dit goed). Ander is weer so toegeeflik, dat waar die lippies aangebied word, die hele liggaam geneem word (soms is dit sleg).

**EERSTEJAAR**

Een Eerstejaar sê nou die dag (hy is 'n bergklimmer—eintlik is hulle almal sulke goed—) dat 'n berg daar is om geklim te word. 'n Ander een beweer dat hy 'n draai loop omdat daar 'n berg is.

Een dametjie het nou die dag 'n skoenlapper ingesluk en het toe 'n klomp mottegif geëet. Besoekure 2—4 nm.

**SLEEP**

Louise Geertsema en Frans Schutte.
Rene Vorster en Johan Rautenbach;
Doeba Diedericks en Johan van der Walt;
Martie de Waal en Frik de Beer;
Ronel Coetzee en Leon Coetzee;
Grietjie Potgieter en Gawie Bezuidenhout;
Cecilia Mienie en Herman Scholtemeijer (Pote).
Martie Ras en Andries du Plooy;
Marieta Pretorius en Egbert van Bart;
Annemie van Rooy en Bertie Fourie;
Lettie de Jager en Peet Venter;
Ila Venter en Pieter van der Walt;
Martie Venter en Willie Venter.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
TRANSVALIA MEUBELS
Tel. 2157 Kerkstraat 180
POTCHEFSTROOM
„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

# Nuwe Penningmeester



Op die Massavergadering van 17 Maart is mnr. Gerhard Jan Hendrik Scholtemeijer eenparig verkies as penningmeester van die S.R. vir die boekjaar 1964.

Hy is verkies in die plek van mnr. G. P. Aucamp wat hierdie pos bedank het toe hy aan die begin van hierdie jaar die universiteit verlaat het.

**VRYSTAAT!**

Mnr. Scholtemeijer is gebore op 25 September 1942 te Bloemfontein en het sy laerskool opleiding ontvang aan die Sentrale Volkskool in Kroonstad. Hy slaag dan ook matriek in 1960 met 'n eerste klas en 'n onderskeiding in Skei-Nat. in die Kroonstadse Hoërskool.

**PRESTASIES**

Reeds as hoofseun het hy getoon dat hy 'n leier van formaat is. Hierdie element het hom ook verder bewys deurdat hy kaptein geword het van die eerste tennis-, krieket- sowel as atletiekspan. Hierdie prestasie is verder gevoer toe hy die N.O.V.S. verteenwoordig het in tennis ,krieket, rugby en atletiek.

**STUDENTE - AKTIWITEIT**

In 1961 skryf mnr. Scholtemeijer op die P.U. vir C.H.O. in en behaal die graad B.Comm. in 1963 met vier hoofvakke.

Hy het reeds op verskillende besture gedien soos: die Wapad-redaksie, besture van tennis, krieket en pluimbal. Hy het ook opgetree as Puk spreker in die inter-debat teen U.O.V.S. en speel ook in die eerste rugby-, tennis- en krieket spanne.

Tans dien hy op die koshuiskomitee van Over-de-Voor en is ook voorsitter van die Ekonomiese vereniging.

**GELUKWENSING**

'n Woord van gelukwensing word langs hierdie weg namens almal aan hom oorgedra met die verkiesing en die vertroue word uitgespreek dat hy nie as die derde penningmeester van hierdie jaar sal bedank alvorens sy ampstermyn verstryk nie.

A.B.K.K.

Die A.B.K.K. onderneem vanjaar verskeie bustoere na verskillende opvoerings en vertonings. 'n Geslaagde toer is reeds na Oklahoma, Cinerama en Cleopatra onderneem.

Nog 'n bustoer wat beplan word is een na Hamlet en Cinerama op Saterdag 18 April. 'n Toer na die operas Lucia di Lammermoor en Faust sal vroeg in Mei onderneem word. Belangstellendes kan navraag doen by die S.R.-kantoor, smiddae om 1.30 nm.

Vir die Kunsfees-hoogtepunt in Mei/Junie vanjaar beoog die A.B.K.K. om Victor Ivanoff een aand hier te kry, asook vir Bob Borowski en Doris Brasch op 'n ander geleentheid.

Verder gaan die A.B.K.K. ook Saterdagaande wanneer daar niks spesifieg regeël is nie fleks op spele aande te reël in die studentesaal.

Aangesien dit vanjaar skrikkeljaar is, word 'n massafliek beoog waar die dames die geleentheid sal kry om die mans te skiet.

## Alabama Serenade

„Dit was die mooiste serenade wat ons nog gehoor het", was die reaksie van menige studente na Alabama die nag van die 10e Maart die koshuise gaan toesing het.

Hierdie serenades van Alabama is vinnig besig om tradisie te word. Dinsdagaand is veral liedjies uit „Deur Vier Wêrelddele" gesing. Nic Enslin het die kitaarbegeleiding waargeneem.

Treffers soos „Green Sleeves", „Bona Sera", „Bayouski Bayon" en „My Blonde Nooi" het groot byval gevind.

Die ontvangs by Dawie Dup-Noord het, soos dit by die Kulu-serenade ook die geval was, 'n effens wrang smaak nagelaat.

As in ag geneem word dat 'n serenade heelwat oefening verg en dat mense nagrus daarvoor opoffer, sal dit veel aangenamer wees as sodanige groep 'n aanmoedigende ontvangs kry.

## Ons Huis Verjaar

Feestelike en uitbundige vreugde het die viering van Ons Huis se eerste verjaarsdag as dameskoshuis gekenmerk. Die hoogtepunt van die 12e Maart was die semi-dinee gehou in die Heimat-Eetsaal. Eregaste by die geleentheid was die gewese Rektor, prof. J. Chris Coetzee, prof. C. P. van der Walt, mevr. Heslinga, die hoofdames en verteenwoordigers van die manskoshuise.

In sy gelukwense aan Ons Huis het die tafelheer, mnr. Andries Coetzer, gewys op die groot omwenteling wat in die eertydse Gatland plaasvind. Die dames lê buitengewone ywer en oorspronklikheid aan die dag om aan die gewese manneparadys 'n gesellige huislikheid te verleen.

Om finansiële steun in hierdie opsig te verleen, het Bossie Bosman loslipping juf. Minnaar, prof. C. P. van der Walt, mevr. Heslinga, Oom Jos Welding e.a. opgeveil. Die feit dat prof. C. P. van der Walt die hoogste bod gekry het, bewys Bossie as afslaer van standaard.

Ons Huis is glo baie in hulle noppies oor die pragtige geskenke wat hulle ontvang het: potplante, sakke geld, lampskerms, skilderye, asbakkies, kussings, ens.

Die saak word ook nie daar gelaat nie. Ons verneem dat daar kliphard gereël word aan 'n konsert die 25e April in die Studentesaal. Dit beloof om baie interessant te wees.

## Verbreek Tradisie

Eikenhof het 'n bestaande tradisie verbreek deur 'n uitnodiging aan Over-de-Voor te rig vir 'n intertee aldaar. As gevolg van die feit dat hulle owerheid so 'n plan nie kon goedkeur nie, kon daar nie voortgegaan word met die reëlings van die intertee nie. Over de Voor het die uitnodiging baie waardeer en sal dit onthou!

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED

# WEEK VA



Fietsryers gereed om weg te spring.



OMRUIL!



Versigtig om die draaie.




Ironie van die saak is: Die vlot het gewen



Die Swaan van die voor van Over-de-Voor.

SIES!






Die kat wat die muis moet vang.

W

# VREUGDE

*(Foto's met dank aan Fotokuns)*

**Om 'n graad te kry by die Puk is maklik—so maklik as om vleis te maal.**






**Sal hy kan vlieg?**



**Statig en stadig**



**Die muis!**



**Die jool-konin(k)gin**

**Wat nog?**



**Die Hoofgebou.**



# EK

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Sleep in by Fleurette
*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*
KERKSTR. 143 TEL. 709

**A VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

*ONDERSTEUN*
*ONS*
*ADVERTEERDERS*

die Wapad
MAANDAG 23 MAART 1964

# SLEEP OP PUK ONDER SOEKLIG

Dit blyk uit berigte in verskillende koerante, asook oor die radio, dat die eerste vervolging insake die wet op Publikasies gevoer gaan word teen die Universiteit van Kaapstad se studentekoerant, „Varsity", weens aanstootlike artikels wat in genoemde blad verskyn het. Dit is baie duidelik dat hier weereens 'n uiting van die hele tydsgees plaasgevind het, wat beslis absoluut afkeurenswaardig is.

Die studente van die P.U. vir C.H.O. kan beslis ook hierby leer, en dit van toepassing maak spesifiek op die slepery hier op ons universiteit. Ons moet waak teen die familiariteit wat die sleep in die publiek deesdae openbaar. Dis alles goed en wel dat daar gesleep word, en dit hoort ook so, want andersins sou daar 'n ander radikale fout in ons studentegemeenskap wees. Die gulde Engelse spreekwoord: „Familiarity breeds contempt" moet egter nie uit die oog verloor word nie. Ons is verplig om ons beginsels en waardes, wat op alle ander terreine in die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. gehandhaaf word op die gebied van sleep. ook te handhaaf.

Waak daarteen dat die P.U. vir C.H.O. as gevolg van sy studente se sleepwyses nie met verloop van tyd 'n baie swak naam in Suid-Afrika kry nie.

## Aparte Universiteite?

Op die pas afgelope A.S.P.U. konferensie het die houding wat die buiteland teenoor die S.A. student inneem weer baie duidelik na vore gekom. Van die buiteland word daar heftig te velde getrek teen aparte universiteite in Suid-Afrika.

Wanvoorstellings van die Afrikaner en die Afrikaanse student kom baie voor. Ongelukkig word die verwronge en skewe idees deur mense van ons eie universiteite na die buiteland gestuur. Nusas is een van die elemente wat sorg dat skewe beelde en idees van S.A. studente aldaar in tydskrifte as propaganda teen Suid Afrika verskyn. Is dit moontlik dat uit ons eie geledere so iets kan kom? Het die Afrikaner student dan al so ver gedaal?

Is dit nou nie die plig van elke opregte S.A. student om die dinge te probeer verhoed nie? Gee julle volle steun en beveg hierdie linkse en liberalistiese neigings. Daarom is gevoel dat meer en meer van die universiteite van hul publikasies na oorsese lande moet stuur om die wan voorstellings uit te wis.

Die mees algemene klag teen ons universiteite is dan dat ons aparte universiteite voorstanders van die skending van Akademiese vryheid sou wees. Ongelukkig kan die mense een ding nie verstaan nie en dit is die Afrikaner se Nasionale trots. Dit is deur die loop van baie en moeilike jare opgebou en dit sal beslis nie gou prys gegee word nie. Daar is op vele gebiede diepgaande verskille wat net nie mee saam gestem kan word nie. Daar is bv. godsdienstige en sedelike verskille, om maar twee van die belangrikstes te noem. Die lewens en wêreldbeskouing van die mense stem net nie ooreen met die Afrikaner student s'n nie. Daarom kan daar van hulle kant geen samewerking verwag word nie.

As ons enigsins 'n nasionale trots het sal elke ware Afrikanerstudent sy volle gewig ingooi, hoe gering dit ook al mag lyk, om te verhoed dat al meer en meer sulke aantygings teen die studente gemaak word.

Elke opregte Afrikanerstudent wat saam met die digter uitroep „Ons vir jou, Suid-Afrika", sal dit sekerlik doen.

**Stil-stil het die eerste aflewering van ,Sporgeselsie' verbygegaan. Hierdie rubriek sal nou gereëld verskyn.**

**Die menings daarin gelig, is die noodwendig die mening van die Redaksie van ,Die Wapad' nie. Alle Pukke word vriendelik genooi om van hulle te laat hoor in verband met meninge gelik in die rubriek. Adresseer julle briewe aan ,EY DAN' en plaas dit in die bussie van ,Die Wapad'.—(Red.)**

REDAKSIE
**Hoofredakteur:** Weiss Doubell — Tel. X09.
**Assistenthoofredakteur:** Hennie Viljoen — Tel X09.
**Tegnieseredakteur:** Gert de Ru — Tel. X096.
**Nuusredakteur:** Gert Kruger — Tel. X09.
**Sportredakteurs:** Reinie Monster — Tel. X09.
Danie van Wyk — Tel. X041.
**Varia:** Paul Steyn — Tel. X041.
Adri Griffioen — Tel. X044.
**Kunsredaktrise:** Wilna Kruger — Tel. X044.
**Interuniversitêr:** Hannes van der Walt.

# In U Lig

**—Jesaja 2:5 en 22.**

Die Here sal heil verskaf. Nie alleen is dit die betekenis van Jesaja se naam nie maar ook die inhoud van sy profesieë. Die Here van die leërskare sal die Lig verskaf waarin die ware mens moet wandel.

Hoe anders doen die Here dit. Soms heeltemal teen die planne van die mens in. Die mens kom in opstand daarteen — hy wil sy eie heil verskaf en dan so baie keer sonder God. In hierdie eie heilsbewerking kom die mens tot hoogmoed en verhef hy hom teen God. Hy vertrou op sy eie handwerk en verblind deur sy prestasie bemerk hy nie dat hy van God vervreemd word nie. I.p.v. te verhoog, verneder hy homself. En in die diepste moeras van sonde en ongeregtigheid besef hy nie dat hy min werd is nie.

Dit was die geval met die Jerusalem waarin Jesaja geleef het. Maar dit is ook die geval met die wêreld waarin ons vandag leef.

In Jesaja 2 vind ons die skildering van twee Jerusalems. Die een soos God dit beplan en die ander een soos de mense dit beplan.

De Jerusalem soos hy werklik is, is vêr van God verwyderd al meen sy inwoners dat hulle in God se lig wandel. Min besef hulle dat die lig waarin hulle wandel eintlik duisternis is. Hulle vertroue is gerig op die goud en silwer wat hulle land binnestroom. Hulle verwag heil van die leër en vloot wat hulle opgebou het. Perde en strydwaens moet hulle redding verseker. En boonop alles is hulle besig om hulle neer te buig voor afgode. Afgode met hul eie hande gemaak. Die skepsel het vir hulle God geword. So eng is Jerusalem se afdwaling en sonde dat Jesaja sien hoe onafwendbaar God se oordeel is.

God sal al daardie dinge wat so veel vir die mens beteken, uitwis. Die hoë bome en berge sal gelyk gemaak word met die aarde. En as al die sterk en stewige dinge so val, wat is die mens dan tog dat met hom gereken kan word? Hy is tog so min werd. Die lewensasem sit maar net in sy neus en kan enige oomblik die mens deur die deure van die neus verlaat. Kan die mens dan nog enige vertroue op homself stel? Beslis nie! Daar bly van sy eie heilsbewerking niks meer oor. Alles is vernietig.

Hier wys Jesaja die pad aan: Kom huis van Jakob en laat ons wandel in die Lig van die Here. Kyk die vreemdelinge en heidene soek na die weg van die Here. En julle, uitverkorenes van God, wil jul eie weg bewandel. Tot julle skande het die ander nasies en volkere die genade van God gaan soek terwyl julle dit veragtelik verwerp het. Laat God julle heil bewerk en sang net dat julle in Sy lig sal wandel. Vervul net die roeping en taak wat Hy aan julle opgedra het.

Laat ons wat bevoorreg is om ons studie „In U Lig" te kan doen, dit nimmer veragtelik weggooi nie. Dit kan ook aan ander gegee word. Ook in ons omgang in die hele lewe en nou in die studentelewe, soek die heil wat God vir ons bewerk het. Die heilsbewerking sonder God lei tot hoogmoed en bring Godsvervreemding mee. Vertrou op God en wandel in Sy lig. Dit is die heil wat Hy vir ons bewerk het: Om in Sy Lig te kan wandel.

A. L. COETZER.

# Beroemde Vasary

**TAMAS VASARY, die gevierde Hongaarse pianis, het Vrydagaand, 13 Maart 1964, 'n baie geslaagde uitvoering in die konservatoriumsaal gehou. 'n Stampvol gehoor het in spanning gewag vir die meester om op te daag. Die konsert sou agt-uur begin en dit was naderhand al kwart-oor-agt, met nog geen teken van Vasary nie. Daar is net begin wonder of hy dalk nie sou kom nie, toe hy gelukkig vyf minute later sy verskyning maak. Almal was baie verlig, en die konsert kon sommer dadelik begin.**

Die eerste komposisie wat Vasary gespeel het, was die Fantasie en Sonata in C-mineur van Mozart. Geen werk van Mozart besit soveel konstraterende idees binne so 'n klein omvang as hierdie Fantasia nie, en Vasary het 'n uitmuntende vertolking van hierdie werk gegee. Die eerste, derde en vyfde dele beklemtoon veral die fantasie-element, en hulle word dan weer afgewissel deur dele wat sangerig en meer rustig is.

Volgende was die Sonata in E-mol majeur Opus 31 No. 3 van Beethoven. Die eerste mate van die Sonata is huiwerig, peinsend. Die toonaard word dan ook eers na 'n paar inleidende mate bevestig. Die tweede tema beklemtoon veral die opgewektheid en helderheid wat in hierdie deel die oorheersende stemming is.

Die laaste stuk op die program was die Etudes Symphoniques Opus 13 van Schumann. Die tema van hierdie reeks studies is gekomponeer deur die Baron von Fricken, aan wie se dogter Schumann 'n tyd lank verloof was, maar die variasies op hierdie tema is soms so gewysig dat dit die eers herkenbaar is nie. In die laaste variasie word net 'n fragment van die hooftema gehoor, en die dinamiese tema in hierdie variasie is afkomstig uit 'n opera van Marschner.

Vasary het 'n tegnies onverbeterlike vertolking gelewer, en is deur die spontane gehoor feitlik gedwing om drie toegifte te speel. Sy besoek aan Potchefstroom was beslis 'n groot sukses.

# UITNODIGING AAN PRETORIA

**Namens „Die Rasper" rig „Die Wapad" hierdie berig aan Ienk van Pretoria, en in die besonder aan die eerstejaars van Sonop. Dit is nl. dat hulle erkenning gee aan die werk van mnr. I. Vorster wat aan hulle die prys vir die grappigste item verwerf het. Graag sal ons in „Die Perdeby" meer hieromtrent wil sien.**

**Ons dank hulle vir die puik voordra daarvan (Red.).**

# P.U.-ATLETE IN SPAN NA S.A.-SPELE

Verskeie P.U. atlete is ingesluit in die sterk Wes-Transvaalse span wat aan die S.A. Spele op Krugersdorp en Johannesburg deelgeneem het. Die mans atlete was P. Botha (100 treë, 220 en 440 treë hekkies), B. Buys (880 treë), W. Coetzee (120 treë hekkies), W. le Roux (220 treë), en H. Joubert (440 treë). Slegs een dame, E. van Deempter is in die span opgeneem asook een junior, nl. T. George. Hy het goed vertoon in die 100 treë onder 19 en die wedloop gewen in 10.2 sek., terwyl hy die tweede plek behaal het in die 220 treë onder 19. Pietman Botha, wat sulke pragtige tye opgestel het aan die begin van die seisoen, sukkel deesdae om sy beste vorm te bereik. Ons sien dat sy beste tyd oor die 220 treë hekkies hierdie deel van die seisoen slegs 24.6 sek. is wat meer as .8 sek stadiger is as sy beste aan die begin van die seisoen. In die 100 treë sukkel Pietman ook om met sy beste tyd voor die dag te kom. Verlede Saterdag kon hy slegs die 4de plek behaal in 'n tyd van 10.1 sek. wat maar swak vergelyk met sy 9.6 sek. aan die begin van die seisoen. Hy het ten spyte van die laagtepunt 'n mooi 220 treë hekkies genael om die silwermedalje te wen in 24.7 sek.

Baas Buys kan darem spog dat hy die hele eerste 440 treë van die 880 treë voor die wêreldkampioen Peter Snell gehardloop het. Baas se tyd was 1 min. 58 sek. Hentie Joubert het te laat gekom vir die uitdunne in die 440 treë en die organiseerders wou hom nie toelaat om te hardloop nie.

Nog 'n goeie vertoning is gelewer deur W. Coetzee oor die 120 treë hekkies waar hy derde geëindig het om sodoende die bronsmedalje te ontvang. Sy tyd was 14.9 sek. E. van Deempter het ook 'n derde plek behaal in die 80 meter hekkies hoewel haar tyd van 13.1 sek. heelwat stadiger is as haar beste.

Nog 'n atleet wat aan die begin van die seisoen goeie prestasies gelewer het en tans sukkel om sy beste vorm te herwin, is W. (Losjos) le Roux. Ben Klopper wat ook nou vir die universiteit hardloop het die 100 treë gewen in die goeie tyd van 9.7 sek.

## Pietman Botha

Pietman, wat aan die begin van die seisoen sulke pragtige tye opgestel het, sukkel tans om met sy beste vorm vorendag te kom. Hy het die 220 treë hekkies by drie geleenthede in 23.8 sek. afgelê. Dit het hom die gunsteling gemaak om hierdie nommer by die S.A. Kampioenskappe in Port Elizabeth te wen. Pietman het die 100 treë al in die uitstekende tyd van 9.6 sek. en die 220 treë in 21.5 sek., afgelê. Hy word allerweë, naas Johan Swart, beskou as een van die beste 440 treë hekkies atlete in die Republiek. Sy beste tyd oor die afstand was 53.2 sek.

Die massa hoop dat Pietman op sy beste sal wees tydens die Suid - Afrikaanse Kampioenskappe en die Dalrymple byeenkoms, en wens hom sukses toe.

## Sokkerklub

Sokker is nog jonk aan ons Universiteit, maar nietemin word daar al ernstig geoefen. Vriendskaplike wedstryde teen Transvaalse Universiteite en Kolleges word gereël. Die liga begin in die tweede kwartaal en die afrigter mnr. Van der Mest, beskou die spanne se kanse baie beter as vorige jaar. Daar sal weer 'n interkoshuis-liga wees en daar word verneem dat Uitspan twee spanne sal instuur en Heimat een span; hulle oefen glo om 12 uur in die nag. Ons hoop al die Puk-mans sal so entoesiasties wees oor sport, dan sal dit baie beter gaan met Intervarsity.

## SWEMKLUB

Die swemklub kan terug kyk na 'n goeie seisoen, en 'n herlewing in belangstelling. Daar is een gala gehou en agt waterpolo-wedstryd gespeel. Die Wes - Transvaalse-swem Bestuur sal hoogs waarskynlik gereorganiseer word en sodoende sal die Pukke dan aan meer Gala's kan deelneem, wat ook die beleid vir volgende seisoen sal wees.

Dis jammer dat daar geen Wes-Transvaalse proewe gereël is vir die Currie-beker nie, anders sou daar definitiewe aanspraakmakers van die Puk in die waterpolospan ingesluit gewees het. Vroeg volgende jaar sal daar 'n interkoshuisgala gereël word en die mans en dames word aangeraai om alreeds met winteroefeninge te begin.

# Rugbyproewe Toon Talent

**DIE informele rugbyproewe wat op Woensdag, 18 Maart gehou is, het die verblydende kenmerk getoon dat die Rugbyklub, afgesien van die O/20 spelers, vanjaar oor heelwat nuwe talent beskik.**

Veral onder die losvoorspelers wat van eerste span-standaard is, nl.:
Koos du Plessis,
P. S. V. van der Walt,
Andries det Wet,
Martin Lombard,
Johan Sauermann,
Chris Siebert, en
Poens Duvenage.
Ook Dok Briers kan nie buite rekening gelaat word nie.

In die agterlyn is daar ook nuwe manne wat hulle stem behoort dit te maak. Ons noem slegs die skakels George St[illegible]eyn en Faan van Tonder, die senter Wesley Weeks en vleuel Duppie du Plessis. Heelagter Freek Swart hou beslis 'n bedreiging vir Spekkies de Villiers in.

Staatmaker-haker Bulletjie de Beer neem vanjaar weer sy rugby ernstig op en met Das Schoeman om hom mededinging te verskaf, verwag ons vanjaar groot dinge van hom.

In die O/20 geledere is daar vir elke posisie op die veld genoeg mededinging om vanjaar minstens twee spanne van A-standaard in te skryf. Ons verwag baie van hierdie babas. Aangesien so baie van hulle aan ons onbekend is, is dit onmoontlik om reeds op hierdie stadium voorspellings te waag. Vroeg volgende kwartaal na die eerste wedstryde sal dit wel moontlik wees.

## Puk Behaal Pragtige Sege

Met 'n pragtige seshou het Johan Vorster Saterdag die eersteliga - krieketwedstryd teen Western Reefs in die Puk se guns beklink.

In hulle eerste beurt het Western Reefs rampspoedig gevaar en kon slegs 33 lopies aanteken. Willie Roux met 6/21 en Hennie Bouwer was vir die ineenstorting verantwoordelik. Slegs Beukes met 15 n.u.n. kon dubbele syfers behaal.

Die Pukke het hulle ook misgis met die kolfblad en is deur Niemandt (6/12) vir slegs 53 lopies uitgeknikker. Martin Labuschagne het 22 hiervan aangeteken. Hierdie voorsprong van twintig lopies sou later baie waardevol wees.

Western Reefs het in hulle tweede beurt stukke beter gevaar en danksy Stothart (35) en Ludick (27 (n.u.n.) kon hulle 97 lopies op die telbord plaas. Hennie Bouwer het vier goeie paaltjies ingeoes.

Die Puk moes toe 78 lopies aanteken om die oorwinning te behaal. Toe twee paaltjies egter gou plat was vir slegs vier lopies, het dit gelyk of die Puk 'n onverwagte loesing op die lyf gaan loop.

Johan Vorster (35 n.u.n.) en Willie Roux (37 (n.u.n.) het egter versigtig voortgekolf en was uiteindelik in staat om na 'n onoorwonne vennootskap van 75 lopies die oorwinning aan die Puk te besorg.

Met hierdie oorwinning verdien die Puk dus agt punte op die punteleer.

Die afgelope weke het die Puk met 'n paar pragtige vertonings voor die dag gekom en beklee tans 'n baie stewige posisie op die punteleer.

## Vakansiekursus in Beroepsvoorligting

Die universiteit bied vanaf 31 Maart tot 3 April 1964 in samewerking met die Transvaalse Onderwysdepartement 'n vakansiekursus vir diensdoende voorligtingonderwysers en voogonderwysers alhier aan.

Die kursusgangers sal in Oosterhof tuis gaan en daar sal voorsiening gemaak word dat die onderwysers deur hulle eggenotes en kinders vergesel kan word. 'n Sertifikaat van bywoning word uitgereik.

Die inskrywingsgeld per kursusbywoner is die bedrag van R2.00 en die losies in die koshuis beloop R1.00 per kind per dag en R1.50 per volwassene per dag.

Inskrywingsvorms asook 'n volledige program van lesings is by die Registrateur verkrygbaar.

Hiermee doen die Universiteit baanbrekerswerk op 'n gebied wat in die nabye toekoms baie meer aandag behoort te geniet. Die prinsipiële aspek sal in die kursus sterk belig word, eerder as die bloot praktiese.

# Vreugdedag Suksesvol

**DIT is vir die Vreugdedagkomitee van 1964 'n genoeë om te verklaar dat die Vreugdedag-aksies baie suksesvol verloop het.**

Met die Pukkie verkope het die besonder goed gegaan. Op die huidige staduim is reeds sestienduisend Pukkies verkoop en die geld reeds inbetaal. Daarbenewens is nog 'n hele aantal uitstaande waarvan die gelde hopelik na die vakansie inbetaal sal word. Vanjaar se Pukkie-verkope skyn dus vêr die beste in jare te wees.

Wat winste van Vreugdedag self betref, kan op hierdie staduim geen verklaring uitgereik word nie, aangesien alle rekenings eers vereffen moet word. Die onkoste is ten opsigte van Vreugdedag vanjaar byna op elke gebied besnoei. Die grootste uitgawe wat in aanmerking geneem moet word is die van die vlotte wat R240 beloop. Nogtans is die kans om 'n redelike wins te wys baie sterk.

Die vlotte is vanjaar ongelukkig deur 'n sterk wind gedurende die nag getref, wat die poging tot netjiese afwerking ietwat in die wiele gery het.

Wat egter die swakste in jare was, was die feit dat so bitter min eerstejaars - mans aan die gekostumeerde straatkollekte deelgeneem het. Al manier om hierdie laksheid te keer is met die uitreiking van kleurbaadjies volgende jaar.

Die kermis op sigself was 'n sukses, hoewel dit, soos in die geval van die ander aksies, behalwe die skynhowe, hoofsaaklik deur die studente self ondersteun is.

Graag wil die Vreugdedagkomitee hulle hartlike dank en waardering uitspreek teenoor die massa wat al hierdie aksies so lojaal en ten volle ondersteun het. Ook ons gelukwense aan u vir u pryseswaardige gedrag ten tye van Vreugdedag-vierings, getrou aan die beginsels en tradisies van ons Universiteit. U was verantwoordelik vir 'n geslaagde en suksesvolle Vreugdedag. Ook wil ons meer in besonder instansies bedank soos die Regsvereniging vir hulle groot bydrae ten opsigte van die skynhowe, A.B.K.K. vir die reëling van die konsert Maandagaand, mej. MacDonald vir haar help en bystand met ons filmvertoning in die Grand, die verskillende koshuise vir hulle onbaatsugtige ywer en diens met die verkope by die verskillende stalletjies. Ons dank en waardering ook aan die owerheid was so goedgunstiglik die Oude Molen-terrein tot ons beskikking gestel het. 'n Besondere woord van dank aan die instansies wat voertuie tot ons beskikking gestel het.

Dit was vir die Vreugdedagkomitee van 1964 'n aangename voorreg om die aksies te kon loots met die ywer en steun wat ons ontvang het. Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat Vreugdedagaksies 'n hele week lank geduur het. Dit blyk egter 'n sukses te gewees het, aangesien daar nou meer aan die massa gebied kon word en ook meer geleentheid vir die komitee was om fondse in te samel.

## Aan die jukskeifront

Ons wil van die geleentheid gebruik maak om die volgende Pukkies wat gekies is vir verskillende provinsiale jukskeispanne hartlik geluk te wens Dames: Debbie Eloff (Pikkie) Uys; Wes-Tvl.); Annatjie Welman (Pikkie Uys; Suid-Rhodesië);
Mans: Lukas Fouche (Sanlam, Wes.-Tvl.); Kobus Meintjies (Grib; Wes-Tvl.).

Hulle word alle voorspoed toegewens vir die toernooi wat tydens die komende vakansie op Kroonstad beslis word. Geniet die spel en bring die trofeë terug!

Annatjie Welman is gekies om haar tuisprovinsie, Suid-Rhodesië, op Kroonstad te verteenwoordig. Daar sal dus twee Pukkies teen mekaar te staan kom wanneer die Pikkie Uys spanne van Wes-Tvl. en Suid-Rhodesië bots.

## Pretoria Spog

**Uit die Universiteit van Pretoria se binnemuurse blad, „Die Perdeby" haal ons die volgende aan:**

**„Ons is nie net die grootste Universiteit nie, maar sal ook met die mees moderne en mooiste geboue en campus oor 'n paar maande kan spog."**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Dalrymple-byeenkoms Hou Vanjaar Groot Beloftes In

**DIE P.U.-Atletiekklub staan op die vooraand van een van sy belangrikste byeenkomste ooit en dit wel met die komende Dalrymple-byeenkoms (Inter-Universitêre botsing) wat op 4 April in Pretoria afgehandel word.**

Met die goeie oes van minstens vier vooraanstaande atlete in die land en die bekende kanonne wat reeds harde baard op die atletiekbaan gekweek het, sal die ander sewe Universiteite hul passe vanjaar voor die Pukkies moet ken.

Gedurende die kragmeting verlede jaar, is 'n waarskuwing reeds gerig toe Tukkies met 'n kortkop die beker ontvang het. Vanjaar is die prestasies sodanig dat die „Keurders" proewe moet hou om die twaalf beste manne (dit is die maksimum aantal mans-atlete wat elke Universiteit mag inskrywe) te kies. Dit alleen is 'n aanduiding van die groei van hierdie sportsoort wat met reg aanspraak kan maak as dié met die hoogste standaard aan ons Universiteit.

Indien die beker vanjaar na Pukke-land gebring word, sal dit nie alleen die eerste keer in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. wees nie, maar sal dit 'n unieke gebeurtenis wees in soverre dat een van die vier kleinere Universiteite (Potch., Natal, Rhodes, Bloemfontein) hierdie gesogde beker verower vanaf sy instelling in 1921.

Die toer wat gedurende Februarie in Oos-Kaapland onderneem is en die verskeie byeenkomste waaraan die Pukke deelgeneem is sowel as die harde hand van „Oom" Koos Bosman het die manne slaggereed gemaak om hierdie groot onderneming met vertroue aan te pak. Elke Pukkie sal vir Pietman Botha en sy span in die gees ondersteun en op 4 April met bytende naels voor die radio sit in angsvolle afwagting en na die uitslag luister hoe: Ben Klopper die 100-tree inpalm; Hentie Joubert, Pietman Botha, Willie Coetzee, Baas Buys, Johan Swart, Willie le Roux, Nic du Plessis, om slegs 'n paar te noem, met „Potchefstroom Universiteit" op die bors die punte opstapel . . . en dan, die groot silwer beker vir die eerste keer in die land van Maroon, Ou-goud en Wit vir die volgende jaar te laat pryk!

# Sukses Van Koshuisliga Vanjaar Bepaal

**WAAR die sukses wat die rugbyspanne van onder andere die Maties en die Tukkies elke jaar behaal, grotendeels toegeskryf word aan hulle goed ondersteunde koshuisligas, sal hierdie liga vanjaar met belangstelling op die Puk gevolg word.**

Verlede jaar is 'n begin gemaak met die liga en het Dorp die eerste wenners van die Tokkie Coetzee-wisseltrofee geword. Van vanjaar af sal die liga egter op 'n heeltemal ander basis as verlede jaar berus, in dié sin dat waar verlede jaar enige speler in 'n bepaalde koshuis in dié se span opgeneem kon word, daar van vanjaar af slegs spelers wat nie by die P.U.-Rugbyklub geregistreer is nie, gebruik gemaak sal kan word.

**NOODSAAKLIK**

Hierdie verandering was noodsaaklik om die liga aan sy oorspronklike doel te laat beantwoord, naamlik om by die talle talentvolle "rustende" manne, wat om een of ander rede nie hul weg oopsien om rugby op die Puk te speel nie, weer 'n blangstelling vir die spel op te wek en hul sodoende te probeer trek om sy die klub aan te sluit. Verlede jaar is deur al die spanne egter feitlik net van klublede gebruik gemaak en is hierdie doel slegs by 'n paar uitsonderlike gevalle verwesenlik.

Die sukses al dan nie van die koshuisliga in rugby op die Puk gaan vanjaar bepaal word. Ons wil 'n beroep doen op die verskillende koshuise en op hul nie-spelende rugbyspelers om heelhartig saam te werk. Daar is min gevalle waar kompetisie gesonder en meer aangenaam is om aan deel te neem as waar dit tussen koshuise is, veral as daar 'n pragtige trofee soos die Tokkie Coetzee-wisseltrofee op die spel is.

**DAMES**

'n Groot deel van die sukses van die liga sal ook afhang van die belangstelling van die dames. Met hulle ondersteuning sal 'n gesonde gees spoedig ontstaan. Dames, u sal verbaas wees watter uitwerking die teenwoordigheid van 'n vroulike toeskouer op 'n moeë liggaam kan hê!

Daar word verneem dat die voorbeeld wat die rugbyklub gestel het, deur die sokkerklub nagevolg is en van vanjaar af sal die koshuise aan 'n sokkerliga deelneem om die Sorgdrager-wisseltrofee.

Wanneer gaan die ander sportsoorte van hulle laat hoor wat koshuisligas betref?

**INTERVARSITY**

Van U.O.V.S. se kant af word verneem dat hulle slegs 'n paar van verlede jaar se eerstespanspelers verloor het, waaronder skrumskakel Strydom en agsteman Lubbe.

Met Travers Jordaan en Springbok Gert Cilliers andermaal as hul kaptein en onderkaptein onderskeidelik, kan ons maar weer strawwe teenstand met Intervarsity te wagte wees.

RYDAN.

## Manshokkieklub

Maandag 16 Maart het die eerste amptelike oefening van die jaar plaasgevind alhoewel die manne reeds 'n geruime tyd al besig is op die hokkieveld.

Van die ou garde het hulle opwagting op die veld gemaak: Peet Aucamp, Bossie Snyman, Daan Meyer, Japie Verhoef, Roger Stotesbury e.a.

Daar heers al 'n mooi gees op die veld en die kêrels is nie te onfiks nie en hulle stokwerk begin al redelik goed word.

Op Saterdag 28 Maart speel 'n gekombineerde Puk-Pote span teen Paarl op Lichtenburg. Die wedstryd sal sekerlik van hoogstaande gehalte wees, aangesien die Paarliete sewe W.P.-spelers insluitende een Springbok bevat. Al sou die Pukke en Pote nie die wedstryd wen nie, sal hulle in elk geval baie kan leer by daardie goeie spelers.

In vergelyking met die dames het die Manshokkie-klub redelik min talent vanjaar bygekry. Oom Wim Voordewind, wat weer die afrigter is, sal die paar nuwe spelers sommer gou-gou reghelp.

Die Hokkieklub kan met groot vertroue weer aan die liga deelneem. Ons hoop dat hulle vanjaar weer die liga gaan wen en ons wens hulle sterkte toe in hierdie verband.

*ONTHOU . . .*

GRADEPLEGTIGHEID

is naby!

★

Bespreek vir

'n

PORTRETSTUDIE

*Gisela Maiwald*

Tomstr. 100 Telefoon 3099

POTCHEFSTROOM

## STOEIKLUB

Alhoewel daar min geesdrif by die stoei-oefeninge te bespeur is, het die kaptein 'n besondere prestasie gelewer. Piet Goosen, wat nog altyd liggewig gestoei het, het besluit om weltergewig te stoei en dit met sukses bekroon. Met die S.A.-spele het hy twee Springbokke geklop met punte en die weltergewigtitel ingepalm. Ons wens Piet baie geluk en ons hoop dat hy aan die einde van die jaar na die Olimpiese Spele sal kan gaan.

# NUWE STERRE IN P.U.-ATLETIEKSPAN

**DIE atletiekspan van die P.U. is heelwat versterk deur die aankoms van 'n paar staatmakeratlete op die Puk die afgelope tyd.**

Johan Swart, wat vroeër op U.O.V.S. was, is 'n baie bekende atleet wat veral oor die 440 treë-hekkies vir homself naam gemaak het. Hy het verlede jaar 'n tyd van 51.0 sek. vir die nommer aangeteken en dit is nog net deur wêreldrekordhouer Gert Potgieter in Suid-Afrika oortref. Oor die 220 treë-hekkies het Swart al by verskeie geleenthede 'n interessante tweestryd met Pietman Botha gevoer en sy teenwoordigheid op die Puk behoort nog beter tye van albei hierdie atlete tot gevolg te hê. Johan is 'n sekere keuse vir die Springbokspan vir die later vanjaar gekies sal word.

**BEN KLOPPER**

Die fris konstabel van Pretoria, Ben Klopper, is tans ook 'n ingeskrewe student op die Puk en is 'n uitblinker oor die 100 treë. Sy beste tyd vir hierdie afstand is 9.6 sek., wat die vinnigste in die Republiek is vanjaar. Sy kanse om die Springbokspan te haal, is baie goed.

**S.A.-REKORDHOUER**

Francois Roos is die derde van die „nuwelinge" en is die houer van die Suid-Afrikaanse rekord in die paalspring met 'n hoogte van 14' 8¼". Hy spring met 'n glasveselpaal en groot dinge word nog van hom verwag.

'n Voormalige Wes-Transvaler, Nico du Plessis, is 'n bekende hoogspringer wat enige tyd sy sout werd is. Hy spring gereeld 6' 4" en behoort vir die Puk baie te beteken op die Dalrymple later vanjaar.

# LEIERS VAN DIE „VIKING"



In onderhoud met die agbare lid van die A.A. (Alkoholiste Anoniem) en mondstuk van die Gimnastiekklub van ons eie P.U. vir C.H.O., P.W. Vorster, die volgende:

Die (Bieg) vader van ons toer (sonder Ma), is mnr. W. J. Putter. Die kêpie is mnr. J. Chr. (rekstok) Jordaan, en die volgende indoenas sal ons duikboot beman:

„Private" Pierrie Joubert; Adelbors Gert Strydom; Kallie Kriel (Kok); Peet Oosthuizen (Dekskropper); Tjaart (Casa Nova) van der Walt (Kajuitjonge); Laastens, as skeepsdokter, navigator, kanonnier, stuurman en telegrafis, Dr. E. (Riem) Marais, O.B.I. (Ou Bleskop Indoena).

Die roeiers van die VIKING is die volgende kragreuse:

Mejj. Sarie (Bokkie) Fourie, Pasaangeër en volksmoeder; Hester (Thaba Jäh) van der Walt, 2de in bevel; Pauli (Roly Pauli) Koole, 3de in bevel; Greta (Blondi) Pieters, 4de in bevel; Hendrien (Wangetjies) van der Welt, 5de in bevel; Matsie (Uys) Krige, 6de in bevel; Elca (Stoeier) Breytenbach, 7de in bevel; Rosali (Elastic) de Klerk, 8ste in bevel; Mara (Naar) Kotzé, 9de in bevel.

Ons hoop dat ons duikboot, Die Viking, voorspoedig ondervinding wat ons nog moet opdoen. Ons nooi u almal ondervinding wat ons nog moe opdoen. Ons nooi u almal vriendelik uit om die plegtigheid by te woon wanneer ons die vaartuig op die 25ste van hierdie maand te water laat.

Ons dank aan,

P. W. (JOE) V.

## BAAS - ATLEET



**(Sien berig op bls. 7, kol.**

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*